Ps. Gez 2: 1,2
~~Ps. 103: 1, 4~~
Gez. 52: 1
" 26: 4,6

„Ek Glo in God die Vader" K/Potch. 9 Okt. 55
[Quel 19 Nov. 61)

1 Kor. 8:1-13. (9e Sond. afd.)

1 Kor. 8: 5,6 — Want al is daar ook sogenaamde gode ... tog is daar vir ons maar een God, die Vader, uit wie alles is, en ons ~~tot~~ Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

„Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde." Soos 'n magtige triomflied van 'n koor uit 'n groot katedraal (vol belydenis) en d. haart van elke gelowige heengaan hd. woorde Sondag na Sondag. Maar wat presies bedoel ons as gemeente en gelowiges wanneer ons hd. grootse belydenis van alle eeue herhaal? (Tekslees)

In ons 9e Sond. afd. v.d. H.K. (Vr. 26) word die volgende antw. gegee: „Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het, wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer, terwille van sy Seun Christus my God en my Vader is." Dis 'n lang sin dié — uitlik 2 sinne: 'n hoofsin en 'n bysin. In die bysin word 2 belangrike Bybelwaarhede gesê: a) „Dat God d. Vader alles uit niks geskape het en b) Dat Hy dit deur sy ewige raad en voorsienigheid onderhou. Op d. oog lyk hd. 2 waarhede d. belangrikste — belangriker as d. waarheid v.d. hoofsin: „Dat d. ewige Vader van onse Here J. X. terwille van sy Seun X.tus my God en my Vader is." So belangrik het die waarhede van God as Skepper en Onderhouer vir baie predikers v. uitleggers gelyk dat ons baiekeer die allerbelangrikste verbygekyk of afgeskeep het nl. God, die Vader v. X.tus, is ook my Vader! Vergeet: die apost. G.B. begin met dié woorde: „Ek glo in God die Vader"! en nie: „Ek glo in God die Skepper"! Die saak van grootste belang wat ons hier bely is dus nie dat God d. Skepper en Onderhouer is nie, maar dat Hy Vader is. Daarna moet ons eerste kyk — en dan eers na sy Skepperskap en sy Onderhouerskap.

I Die Vader van Christus is my Vader: Dis die groot waarheid wat voorop staan: as ek bely dat ek glo in God die Vader dan sê ek d/mw 3 dinge:

(1) Erken ek dat God van alle ewigheid Vader is. Hy het nie vader geword toe Hy d mens geskep het (vgl. aardse vader) – Hy was van alle ewigheid Vader gewees. 'n Mens kan nie aan God dink sonder aan sy Vaderskap te dink nie. Sy vaderskap is deel van sy wese. Van alle ewigheid was Hy d. Vader van sy enige Seun, Jx. (Joh 1:1-2)

(2) Bely ek dat by God sy Vaderskap-in-Ktus altyd die hoofsaak is en bly. God is eerstens en bo alles Vader van Christus en nie van d. mens nie. Daarom werk God in d. eerste plek altyd ter gunste van sy heilige Kind Jesus. By God gaan dit altyd eers om Christus se eer. Christus se Naam, Christus se Roem – en nie om ons s'n nie as mense nie! Daarom kan God ons nooit iets gee wat in stryd is met Ktus se eer en Koninkryk nie! Daarom kan God ook alleen ons gebede en besondtige verhoor in soverre as hulle Ktus se eer bevorder!

→ Die probleem van onbeantwoorde gebede: hier die antwoord „Alles wat julle die Vader vra in my naam" „Oor Ktus wil my God en Vader" (Naamkaartjie)

(3) Bely ek dat God nie die Vader is v. alle mense nie, maar alleen van dié wat Ktus as Seun v God en as Saligmaker erken en eer!

– Die liberalistiese gesindinge van ons tyd wat God die Vader maak v alle mense gelyk wil maak met alle ander gode! (Matt. 5:45)

– Watter wond. waarhd dat God presies dies. Vaderliefde en sorg wat Hy gehad het vir sy Eniggebore sy geliefde Seun, nu nie Hy 'n melkekoe het – dat Hy dit oordra op my! Hy behandel my asof ek sy geliefde seun, asof ek – – Ktus is! Ek deel in al die regte en voorregte; Ktus se Vader is my Vader, sy Vader ... anders: Sy kruis is nie my kruis nie! Wat vir Hom 'n vloek was – vir ons 'n seën; omdat Hy moes sterwe, daardeur kan ons lewe!

II Die Skepper van hemel en aarde is my Vader:

„Wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het" Toe ons kleiner was het ons as kinders baie daarvan gehou om teenoor mekaar te spog van alles wat ons vaders kon doen. „Jong, my pa, hy weet ..." Gewoonlik het ons dan ook taamlik kwaai oordryf om daarmee te wys watter wonderlike man ons pa was! Maar van ons Vader in d. hemel kan ons nooit te veel sê of dink nie. Want Hy is almagtig. Deur een magswoord het Hy gespreek: „Laat daar lig wees! En daar was lig". „En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld"... „En God het die mens geskape na sy beeld". Niks vir God te groot, te moeilik, te veel!

Dink nou aan 'n wêreld wat hom d. afgelope so-veel jr mag gespook en gestry en bakklei het oor die vr.: Hoe d. wêr. geskep? Hoelank: 6 dae of miljoene van jare? Dink a.d. beroering wat d. ewol. teorie gebring het in milj. se gemoedere (die gedagte dat d. mens uit laere diersoorte moes ontwikkel het), duisende boeke daaroor geskrywe – en nog bly dit alles onbewese teorie. Dink net hoe baie kakkel geleef 'n God nie aan d. wankel gebou deur hd. spekulasies! Hoekom? Omdat hulle vergeet het dat hulle elke Sondag bely: „Ek glo ... d. Skepper v. hemel en aarde" en daarom kan sê: Wat ookal mense dink of droom, een ding weet ek: God, die Almagtige, het hd. wêreld geskep met al sy wonders en heerlikheid. „God het gebied – en dit was; Hy het gespreek – en dit staan"!

III <u>Die Onderhouer van alle dinge is ook my Vader:</u>

Vr. 26 – deel 2:

"Op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie of Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg, en ook al d. kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur. omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige ~~Vader~~ God en ook wil doen as 'n getroue Vader."

Heel alles sien dat ek I en II glo as ek nie kan sien watter pers. verband dit het met <u>my lewe en stryd</u>, <u>my wording en lyding</u>. Daarom is vir ons die laagste deel v.d. antw. van so groot belang. Vloei voort uit I en II. Sonder I en II is III waardeloos.

(1) <u>Geloofsmoed en vertroue</u> – sluit alle twyfel uit. Wie vertrou sal nie twyfel, en wie twyfel, kan nie vertrou. Daarom is ons geloof dd. vaste vertroue.

(2) <u>Alles wat nodig is vir liggaam en siel, sal God gee:</u>

(3) <u>Die kwaad wat God beskik maak Hy tot goed:</u>

"En ook al d. kwaad wat Hy oor my beskik, my ten beste bestuur". Baie van wat ons op aarde <u>kwaad</u> noem, is in werklikheid <u>goed</u>. (Dit: <u>Plaat</u> van Xtus se lyding in <u>Geth.</u> – donker. <u>Sien teen lig: engel!</u> <u>Ons lewe: sien ons Gods beeld w/n ons dit teen d. lig v.d. hemel hou!</u>

(4) <u>Kan as God, wil as Vader:</u> Ons wil baie keer as aardse vaders maar kan nie; of ons kan maar wil nie. By God g'n een: <u>nie d. smart van vandag, of die hardheid van onwil.</u> Hy kan en wil en daarom sal Hy!

Hy kan en wil en sal in nood,
Selfs ~~by die nadering v.d.~~ as ons sidder vir die dood,
Volkome uitkoms gewe!